

# ONTMOET ONS NUWE DIREKTEUR EN ASSISTENT-DIREKTEUR



Dr. C.M. Engelbrecht



Dr. C.D. Lynch

CHRISTIAAN MAURITZ ENGELBRECHT is op 4 November 1943 in die Steynsrus-distrik gebore. Hy het sy skoolopleiding aan die President Steyn Hoërskool, Bloemfontein, voltooi. Hierna het hy aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat sy studies voortgesit met Dierkunde en Plantkunde as hoofvakte en in 1965 'n B.Sc. graad behaal. Gedurende 1966 voltooi hy die graad B.Sc. (Hons.) en 'n jaar later behaal hy die graad M.Sc. (Dierkunde) met onderskeiding. In 1969 het hy 'n D.Sc.-graad in Dierkunde behaal. Sy proefskrif het oor die taksonomie van die Suid-Afrikaanse myte Galumnoidea en Microzetoidea gehandel. Gedurende sy universiteitsloopbaan was hy as tegniese assistent in die Departement Dierkunde van die U.O.V.S. werksaam.

Hy is in 1969 as dierkundige aan die Nasionale Museum, Bloemfontein, aangestel. 'n Jaar later het hy as assistent-direkteur van die Museum diens aanvaar. Hierdie pos het dr. Engelbrecht tot Oktober 1985 beklee waarna hy mnr. J.J. Oberholzer as direkteur opgevolg het.

Dr. Engelbrecht is ook die hoof van die

Departement Akarologie van die Museum en hy gaan steeds voort om navorsing oor die taksonomie van die Suid-Afrikaanse Oribatei te doen. Hierdie navorsingsprojek het meegebring dat 'n intensiewe veldwerkprogram onderneem is en materiaal alreeds by sowat 3 000 lokaliteite landwyd versamel is.

Hy is ook vir etlike jare deur die Departement Nasionale Opvoeding as moderator aangewys vir die fotografiekursus wat landwyd vir museum personeel aangebied is.

Gedurende Augustus 1984 het hy verskeie museums in die Verenigde State van Amerika besoek. Hierdie verkenningsbesoek het die stede Washington, New York, Chicago, Detroit, Milwaukee, Denver en Los Angeles ingesluit.

Dr. Engelbrecht het reeds sowat 20 gesaghebbende en wetenskaplike artikels in internasionale en Suid-Afrikaanse joernale gepubliseer. Hieronder tel die Franse joernaal *Acarologia, Journal of the Entomological Society of Southern Africa* en *Navorsinge van die*

*Nasionale Museum Bloemfontein.* 'n Aantal populêr-wetenskaplike artikels van hom het ook in die *Nuusbrief* en *Praktikum* van die Nasionale Museum verskyn.

CARL DAVID LYNCH, born 1 June 1946, matriculated at the Aliwal North High School and after completing his naval training enrolled at the University of the Orange Free State where he obtained a B.Sc. degree in Zoology & Botany in 1967. The following year he completed a B.Sc. (Hons.) degree at the University of Pretoria, Department of Zoology: Eugene Marais Chair of Wildlife Management. While employed as a research assistant at the Mammal Research Institute he embarked on an ethological study of blesbok under the supervision of the Director, Prof. J. Meester, which led to an M.Sc. degree in 1970. The following year he was appointed as the first Head of the newly established

Mammalogy Division of the National Museum Bloemfontein. Working under the supervision of Prof. J.D. Skinner, Director of the Mammal Research Institute, he was awarded a D.Sc. degree in Zoology in 1979 for an ecological study he undertook on two species of small carnivores. Dr. Lynch has published eight full length scientific articles in specialist journals, three of which are monographs, totalling 581 pages. In addition he has also written numerous semi-scientific and popular articles, served on a Commission of Inquiry and councils of the Zoological Society of Southern Africa and the Southern African Wildlife Management Association, is Co-editor of two research journals and is registered as a Natural Scientist at the South African Council for Natural Scientists. Dr Lynch is head of the Department of Mammalogy and has recently been appointed Assistant Director of the National Museum.

## PRESTASIES VAN DIE PERSONEEL

SCHALK LOUW, entomoloog van die Nasionale Museum, Bloemfontein, het sy doktorsgraad in Entomologie aan die Universiteit van Pretoria met lof behaal. Die verhandeling, getiteld 'Revision of the Microcerinae (Coleoptera: Curculionidae) with an analysis of their phylogeny and zoogeography' beslaan 370 bladsye en het behels die bestudering van 13 000 eksemplare van 29 plaaslike en oorsese wetenskaplike inrigtings.

EDWIN J. MOHATLANE, guide lecturer seconded to the National Museum by the Department of Education and Training has during the past three years received several academic awards. In 1983 he received a Vista University Merit Award for obtaining the highest marks in Education at all Vista University Campuses. (The Vista University has campuses in Pretoria, Vereeniging, Bloemfontein, Johannesburg and Port Elizabeth). In 1984 he received a Campus Merit Award for obtaining the highest marks in Psychology on the Bloemfontein Campus. Countrywide he was second to a Port Elizabeth student. In 1985 he again received a Vista University Merit Award for obtaining the highest marks at all Vista Campuses in African Languages.

Dr. S. Louw



E.J. Mohatlane



## PERSONALIA

### BRANDBESTRYDINGSGROEP




As deel van die Nasionale Museum se weerbaarheidsprogram is met opleiding van die onderskeie groepe begin. Die Museum se brandbestrydingsgroep en hul instrukteur verkeer hier in 'n gesellige luim by die brandwêerstasie Ehrlichpark.

### NUWE PERSONEEL



Nuwe personeel agter: Mnr. L.W. van der Merwe (Opsigter), Mnr. S. Lamprecht (Navorsingstegnikus: Soogdierkunde), Mnr. D.H. Conradie (Navorsingstegnikus: Paleontologie), Mnr. J.J.P.D. van Zyl (Kabinetmaker).  
Voor: Mej. M.L. Schuurman (Navorsingstegnikus: Florisbad), Mej. L. Grobler (Navorsingstegnikus: Akaralogie), Mej. M.C. Genis (Kunstenares), Mej. M.M. Briedenhann (Navorsingstegnikus: Kultuurgeskiedenis).

## BESOEK ONS NUWE UITSTALLINGS



Lewendige Reptiel-uitstalling.  
Live Reptile exhibit.



Kom kyk na vanmelewe se speelgoed.  
Come and see the toys of yesteryear.



Lewendige klein Soogdier-  
uitstalling.  
Live small Mammal exhibit.